WORCESTER KERSFEESMARK

NG Kerk Worcester-Oos
Durbanstraat 5
WORCESTER
6850
TEL: 023 347 2569

KONTAKPERSOON
Elzette du Toit
SEL: 072 395 8114
FAKS: 086 765 1495

Liewe Uitstaller

Ek vertrou dat u gesond en veilig is en wil graag ieder en elkeen wat deel gehad het aan 2021 se Kersmark bedank vir die bydrae wat julle gelewer het tot die sukses van die mark. In hierdie steeds onseker tye vertrou ons dat ons vanjaar weer 'n mark sal kan hou en gee daarom graag die volgende inligting deur:
Die mark sal plaasvind vanaf
Vrydag, 18 November – Saterdag 3 Desember 2022. Opstel van tafels en uitstallings geskied op **Donderdag, 17 November 2022**.
Aangeheg is die aansoekvorm wat u asb volledig moet voltooi. Indien u vir meer as een tafel aansoek doen met verskillende tipe produkte – maak asb van meer aansoekvorms gebruik. Die aansoekvorms moet asb terug gepos/epos of gefaks wees op 20 Mei 2022 met **'n volledige stel foto's** van u **produkte en stalletji**e. Dit vergemaklik die administrasie indien ons die vorms vooraf ontvang – aansoekvorms sal egter ook met die onderskeie keuringsdae beskikbaar wees.
Die volgende dae word beplan – mits die Covid- reëls ons toelaat om voort te gaan:

- **Worcester keuring** vind plaas op **Saterdag, 4 Junie 2022** vanaf 09:00 – 11:00 vir alle kategorieë.

- Ons keur te **NG Kerk Bellville – Wes, 8ste laan Boston** op 21 Mei 2022 (Keuring word gereël deur Craft X-Po, Bellville). Plaas asb u naam en kontakbesonderhede duidelik op u tafel. Dra asb maskers te alle tye en saniteer.

  Keuringstye vir Bellville: LET WEL DAT U ASB 10 minute voor die tyd daar moet wees:
  08:00 – Kaartjies, Kersfeesversierings, Papier, Kartonware, Boeke en Juweliersware
  09:00 – Eetgoed, Souse, Drinkgoed, Lekkers – **VANNE A – L)**
  10:00 – Eetgoed, Souse, Drinkgoed, Lekkers – **VANNE M – Z)**
  (**Houer met proegoed duidelik vir Worcester gemerk**)
  11:00 – Naaldwerk, Lapverf, Breiwerk en Hekelwerk. **VANNE A – L**
  12:00 – Naaldwerk, Lapverf, Breiwerk en Hekelwerk. **VANNE M – Z**
  14:00 – Speelgoed, Houtwerk, Muurbehangsels, Rame, Badprodukte en Kerse
  15:00 – Porselein, Glas, Pottebakkerswerk, Allerlei, Mosaïek, Metaalwerk, Leer, Rottang, Plante en Skilderye

  Koffie, koeldrank en eetgoed sal te koop wees op die keuringsdag – bring asb kontant saam.

Ons keur ook saam te **Lourensrivier, Strand op 7 Mei 2022**.

Uitstallers moet asb 15 minute voor die tydgleuf vir hulle produkte daar wees om uit te pak. Slegs 2 persone per uitstaller sal toegelaat word om uit te pak en geen kinders sal ongelukkig toegelaat word nie. Elke uitstaller moet asb 'n **groot nota met hulle naam en van, eposadres en selnr** op die tafel plaas. Voltooide aansoekvorms moet ook op die tafel geplaas word,

08:00 – Juwele, Krale en plante
09:00 – Naaldwerk (oa kussings en allerlei), Klere, Breiwerk, Hekelwerk en Lapverf
10:00 – Kerse, Kaartjies, Speelgoed, Boeke, Kartonware, Badprodukte, Droë of Kunsblomme.
11:00 – Eetgoed (koekies, vrugtekoeke, beskuit, lekkers, droëvrugte, ens), Biltong, Konfyte, Souse, Drinkgoed en Speserye. Onthou asb 'n proepakkie vir AL die marke – met elke mark se naam gemerk.
12:00 – ETENSTYD – bring asb jou eie eetdingetjie saam. Koffie en tee te koop @ R5
13:00 – Houtwerk, Rame, Metaalwerk. Leer, Rottang, Tou
15:00 – Skilderye, Pottebakkery, Porseleien, Glas, Muurbehangsel, Kersversiering en Allerlei.

Merk asb op die aansoekvorm waar u gekeur wil word.

Keuring:
- Pryse van produkte moet duidelik op die produk sigbaar gemerk wees
- Bring asb u eie tafeldoek om produkte op uit te stal
- Net gekeurde items mag op die mark verkoop word.
- Pryse mag nie voor of gedurende die mark gewysig word nie. Rond pryse asb af tot die naaste rand.
- Die hoogtes en lengtes van addisionele staanders moet asb op die aansoekvorm aangedui word.
- Billike pryse – die mark is gemik op die verkoop van geskenke vir die hele gesin en artikels wat uniek, van kwaliteit en handgemaak is, sal voorkeur geniet. Duur items verkoop moeilik.
- Geen artikels wat aanstoot mag gee, hetsy in woorde of vorm, sal toegelaat word nie.

Kosprodukte moet asb van die volgende voorsien word:
- Vervaldatum
- Hoe die produk gestoor moet word – voor en na oopmaak daarvan
- Lys van bestanddele

Tref asb reëlings met iemand om u produkte te kom voorlê indien u nie self teenwoordig kan wees nie. U moet steeds kom vir keuring al het u voorheen by ons mark uitgestal. Voorkeur sal aan handgemaakte produkte gegee word.Tydens keuring sal streng hierop gelet word.

U sal teen die einde van JUNIE 2022 'n antwoord van ons ontvang i.s die uitslag van die keuring.

Registrasie
Registrasie gelde is betaalbaar voor of op 31 Augustus 2021.
Vir die duur van die mark beloop die kostes R600 per tafel en R350 vir ½ tafel. Die grootte van die tafel is ongeveer 175 cm x 75cm. Kommissie is betaalbaar teen 18% van u omset. Persone wat juweliersware uitstal en self hul tafels beman moet 13% kommissie van u omset afstaan.
Meer volledige inligting ivm tye en reëls sal aan u verskaf word na afloop van die keuringsproses.
Voorwaardes waaraan u moet voldoen vir die duur van die mark:

- Voldoende voorraadvlakke moet vir die volle duur van die mark gehandhaaf word – die feit dat u aan ander markte in dieselfde tydgleuf deelneem, mag nie enige invloed op u voorraadvlakke hê nie. 'n Addisionele boete van tot 30% kan op u omset gehef word indien u uself hieraan skuldig maak.
- 'n Boete van tot R200 sal gehef word vir foutiewe "barcodes"/prysetikette van ander markte of eie "barcodes" wat nie geskandeer kan word nie. Oponthoude word onnodig hierdeur by die betaalpunte versoorsaak.
- Uitstallers hoef nie voltyds by die mark teenwoordig te wees nie, maar daar word van elke uitstaller verwag om **twee diensbeurte** gedurende die mark te doen of indien u nie dit kan doen nie, kan u vooraf 'n diensfooi van **R100 per diensbeurt – maw R200** betaal sodat 'n student in u plek gereël kan word. Uitstallers van duur juweliersware is self verantwoordelik vir toesig by hulle uitstalling.
- Die koördineerder en komitee van die kersmark is nie verantwoordelik vir enige verliese gely tydens die duur van die mark nie.
- Opruiming geskied op Saterdag, 3 Desember om 14:30 – **GEEN opruiming sal voor die tyd toegelaat word nie. 'n Boete van 30% van u omset sal in sodanige gevalle gehef word.**

Daar word wyd reklame gemaak vir die mark op sosiale media, plaaslike pers, radio, plakkate en strooibiljette.

Ons bid en vertrou vir goeie gesondheid vir almal betrokke. Alle seën en voorspoed met u voorbereiding. Ons sien uit daarna om u in ons midde te hê.

Vriendelike groete

Elzette du Toit
Nms Worcester Kersfeesmark komitee

WORCESTER KERSFEESMARK REGISTRASIEVORM

18 November – 3 Desember 2022 Uitpak en opstel geskied op 17 November 2022
Hierdie vorm moet asb volledig voltooi word!!
Alles wat u te koop wil aanbied, moet op die lys verskyn – geen ALLERLEI – spesifiseer asb.

Naam en Van:……..……
Posadres:……
……
Tel (H):……(W)……
Selfoon:……
E-pos adres:……
Tafelgrootte: Vol tafel [ ] Halwe tafel [ ]
Ander uitstalruimte……
Hoogte …….. Wydte……..van alle staanders – ook die bo-op tafels.
Keur te Worcester [ ] Bellville-Wes [ ] Lourensrivier [ ]
Kategorie:……

Beskrywing:	Prys

Handtekening Datum

Stuur asb u aansoek aan: e-pos **kersmark@ngkworcoos.org.za; Faks: 086 765 1495; NG Kerk Worcester Oos Kersmark, Durbanstr 5, Worcester, 6850 of handig by die kerkkantoor in (08:00 – 13:00). Sien ook die kerk se webbladsy vir verdere inligting.**